

Maandag 22 April

Skrifgedeelte: Psalm 23:1-6

Fokusgedeelte: Psalm 23:1

Die sorg van die HERE gee onder alle omstandighede kalme geloofsvertroue

Die HERE is my HERDER! 'n Kort sinnetjie, maar met 'n onbeskryflike inhoud. 'n Sekere skrywer, Rinkel, het gesê: Hierdie Psalm het meer pyn en leed herstel as al die geneeshere van die wêreld, en meer vrede in die hart gewek as al die wysheid van alle eeue.

Hierdie Psalm is 'n uiting van 'n diepe en kalme geloofsvertroue in die HERE onder alle omstandighede. En hierdie beeld van die herder en sy skape wys op 'n baie intieme band. Die herder was elke oomblik in hulle teenwoordigheid. Daarom Dawid se belydenis in vers 1: *Die HERE is my Herder; niks sal my ontbreek nie.* Daar is 'n persoonlike band met God. Hy sê: *my Herder.*

Persoonlike verhouding bring versorging:

Die lewenskrag kom terug – Kos, water en rus bring die lewenskrag weer terug. Daar kan nou weer verder gegaan word. Die kragte is herstel.

Lei op 'n veilige pad – Die herder loop in die onherbergsame wêreld voor en soek 'n veilige pad.

Veiligheid in dal van doodskaduwee – En wanneer die pad lei deur nou dale met oorhangende rotse waar geen lig kan deurkom nie, is daar die absolute vertroue in die herder. Die Here het hom op sy lewenspad versorg. Te midde van so baie teenslae, was die Here altyd daar om te versorg en rus te bring.

Maar hierdie persoonlike verhouding word nog persoonliker. Dawid vind beskerming by die Here en word met eer en hartlikheid oorlaai. Hy word 'n gas van God. 'n Gas met 'n spesiale plek. Sy hoof word met olie gesalf.

Jesus Christus is die Goeie Herder (Joh. 10) wat die kudde van die Here liefhet en versorg. Hy het vooruit geloop om die pad vir ons oop te maak. Hy het geluister na die stem van sy Vader en die regte pad, die veilige pad vir ons oopgemaak.

Sing: Psalm 23-1:1

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)